

Die kinders leer dat Jesus vir ons omgee en wil hê dat ons Hom moet volg.

**Teks: Markus 10:46-52, Hebreërs 12:1-2**

## Hulpmiddels:

- ♦ Toiletrolpoppies wat Bartimeus (met verbande oor sy oë) en Jesus voorstel
- ♦ Toiletrolle (skare mense)
- ♦ Masker patroon
- ♦ Papier
- ♦ Inkleurpotlode
- ♦ Skêre
- ♦ Gom
- ♦ Sak met items wat gebruik kan word by voorbedding



## WELKOM

**Speel blindemol:** Een speler word as die "mol" gekies en word geblinddoek. Hy word dan in die rondte gedraai om hom dronk te maak. Die mol moet dan probeer om die ander spelers in die groep te vang. As hy daarin slaag om iemand te vang, moet die persoon doodstil staan sonder om 'n geluid te maak. Die "mol" moet oor sy gesig, hare en klere voel en raai wie voor hom staan. As hy verkeerd raai, moet die persoon wat gevang is 'n geluidjie maak. As die mol reg is, word die gevange speler die nuwe mol. Die spel word gewoonlik in 'n beperkte ruimte soos 'n kamer gespeel.

**Loop geblinddoek op 'n tou:** Gebruik 'n tou van omtrent 10 m. Blinddoek die eerste kind. Laat lê die tou met kinkels op die grond neer. Die kind wat geblinddoek is, moet probeer om op die tou te bly loop deur met sy voete te voel. Elke keer as hy die tou mis trap, verloor hy 'n punt. As hy drie punte verloor het, is hy uit. Dan is dit die volgende kind se beurt. Skuif die tou anders sodra die volgende kind geblinddoek is. Kyk wie die verste kan vorder op die tou.



## WYDING

### Stilword-ritueel:

Psalm 56:4: "Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U." Asem in deur jou neus as die volgende frase gelees word: 'Die dag as ek bang word...' Blaas dan jou asem uit terwyl jy sê: "vertrou ek net op U." Herhaal dit 3 keer.

### Temalied:

Kies een van die volgende liedere vir die kwartaal se temalied:

- ♪ "Hy hou die hele wêreld in sy hand"
- ♪ "My God is so groot"
- ♪ "My God is so big" – Go fish (<https://www.youtube.-com/watch?v=lcsT4RUOPzE>)
- ♪ "Hou die oë op Jesus"

*Verbeel jou jy is blind! (Kinders sit hulle hande oor hulle oë sodat dit donker is en hulle niks kan sien nie.) Aanbieder vra vir die kinders: "Hoe voel dit om niks te kan sien nie? Wie voel bang/onseker/hulpeloos? Jy mis dalk iets lekker?" (Maak oë weer oop.)*

*(Aanbieder pak toiletrolle uit om die skare voor te stel, die Jesus-figuur loop tussen hulle deur, die Bartimeus-figuur staan eenkant. Die storie word uitgespeel soos die aanbieder aangaan.)*

Toe Jesus eendag na Jerigo gegaan het, was daar 'n groot klomp mense om hom. Hulle wou almal sy aandag hê en hoor wat hy sê. Dit was seker baie raserig en 'n gestoot en gestamp. Eenkant langs die pad het daar 'n man gesit wat geld gebedel het. Hy kon nie werk vir geld nie, want hy is blind gebore. In daardie tyd kon mense wat blind was nie werk soos blinde mense vandag nie.

Kan jy dink hoe dit moet wees om nie te weet hoe kleure lyk nie? Of nog nooit gesien het hoe lyk jou mamma se gesig of die kos wat jy elke dag eet nie? Jy kan dalk voëltjies hoor sing, maar jy kan nie sien hoe hulle vlieg nie en jy weet ook nie hoe snaaks 'n kameel lyk met sy boggel nie.

Bartimeus het elke dag langs die pad gesit en geluister na alles wat om hom aangaan. Op hierdie besige dag het hy seker gewonder hoekom daar so baie geluide en opgewonde stemme om hom is. Almal kon sien wat aangaan, behalwe hy. Hy het seker vir die mense om hom gevra wat aangaan en hulle het vir hom verduidelik dat Jesus van Nasaret daar verbykom.

Bartimeus het seker al van alles wat Jesus gesê en gedoen het gehoor, veral van die wonderwerke wat hy al gedoen het. Hy het dadelik geglo dat Jesus hom kan help om weer te sien en 'n gewone lewe te kan hê. Hy het begin om na Jesus te roep: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U oor my." Ontferm beteken om vir iemand om te gee. Bartimeus het gehoor dat Jesus vir ander mense omgee en gehelp het. Hy het gehoop dat Jesus vir hom ook dieselfde sou doen.

Maar die mense om hom het nie gedink hy is belangrik genoeg dat Jesus aan hom aandag moet gee nie. Hulle het vir hom gesê dat hy moet stilbly.

Maar Bartimeus het harder na Jesus geroep. Hy wou nie glo dat Jesus hom onbelangrik sal laat voel soos die ander mense gemaak het nie.

Jesus het gaan staan en vir Bartimeus gesien. Omdat hy God was, was hy baie lief vir Bartimeus en het Hy vir hom omgee. Hy het nie gedink dat Bartimeus onbelangrik was omdat hy blind was nie. Hy het gevra dat die mense vir Bartimeus na Hom toe moet bring waar almal kon sien.

Die mense het vir Bartimeus gesê: "Hou moed, staan op. Hy roep jou." Hulle kon seker nie glo dat Jesus hom aan 'n blinde man steur nie. Dit het seker vir hulle almal moed gegee.

Hoe dink julle het Bartimeus gevoel toe hy hoor dat Jesus met hom wil praat? Dalk opgewonde, bietjie bang, miskien spesiaal?

Die Bybel vertel vir ons dat hy amper uit sy klere uit opgespring het. Hy het sy bo-kleed net daar gelos en na Jesus toe gegaan. Die bo-kleed was amper soos 'n ligte jas wat hulle ook snags gebruik het om onder te slaap.

Toe hy uiteindelik voor Jesus staan, soos hy nog altyd gewens het, vra Jesus vir hom: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?" Bartimeus vra toe vir iets wat net God kan doen. Dit het vir die ander mense gewys dat hy glo dat Jesus die Seun van God is en tog omgee vir iemand wat in ander mense se oë onbelangrik is.

Bartimeus antwoord: "Rabboeni, dat ek kan sien." Rabboeni beteken leermeester.

Jesus sê toe vir hom: "Jy kan maar gaan, jou geloof het jou gered." En dadelik kon Bartimeus sien. Hy het seker heel eerste sy nuwe leermeester, Jesus, se gesig gesien. Die gesig van iemand wat omgee. Dit moes wonderlik wees om vir die eerste keer te sien hoe alles lyk. Bartimeus wou dadelik begin om by Jesus te leer en het alles wat hy daar langs die pad gehad het net so gelos en vir Jesus gevolg. Hy het sy nuwe oë die hele tyd op Jesus gehou sodat hy kon sien hoe om ook soos Jesus te wees.

Is jou oë ook so op Jesus dat jy alles sal doen om by Hom te leer?

Kom ons kyk wat sê die Bybel ook vir die tyd waarin ons lewe.

In Hebreërs 12:1-2 staan daar: "Laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus."

### **Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:**

1. Ek wonder van watter oë praat hierdie vers.
2. Ek wonder watter oë van Bartimeus het Jesus gesond gemaak.
3. Ek wonder hoe kan ons vir ander mense wys dat hulle ook vir God belangrik is.
4. Ek wonder wat kan dit vir ons moeilik maak om Jesus te volg.
5. Ek wonder wat beteken dit vir ons vandag om ons oë op Jesus te hou.



### **WERSKAF**

- ✍ Vir kleuters en grondslagfase: Bartimeusmasker met oë of verbande wat in en uit kan skuif.
- ✍ Vir kleingroepe: Sak met “voel” objekte wat omgestuur kan word. Elke kind kry 'n beurt om net deur te voel 'n objek in die sakkie te probeer identifiseer en dan vir die Here dankie te sê daarvoor. (Voorbeelde: Tandepasta, vurk, blikkieskos, speelding, potlood, ens.)
- ✍ Gaan kyk na die oulike “push pop spring box”-aktiwiteit om by hierdie ontmoeting te gebruik: <https://pin.it/x4v6mi7qipddgb>

### **Sluit af met die volgende seënbede:**

Die kinders staan saam in pare met hul hande bymekaar soos oop bakkies. Wanneer ons vir mekaar bid, sit ons die bakkies saam om een groot bak te maak. Dit wys vir ons dat ons ontvanklik is vir God se verrassings en om hulle met mekaar te kan deel. Sê saam:

*“God het verrassings vir my (hande na myself) en vir jou (hande saam).*

*God gee verrassings vir my (hande na myself) en vir jou (hande saam).*

*Mag my hande en my oë altyd oop wees vir God se geheime verrassings.”*



“Push pop spring box”-aktiwiteit: <https://pin.it/x4v6mi7qipddgb>



